


## Voorbeeld 1

	<b>Swart Renoster</b>	<b>Wit Renoster</b>
<b>Grootte en voorkoms:</b>	800 – 1 400 kg ‘n skerp-puntige lip	1 700 – 2 300 kg ‘n breë, plat lip
<b>Dieet:</b>	Blaarvreter: eet blare, plantlote en takke	Grasvreter: wei op gras
<b>Habitat:</b>	Afrika se savannas; ruigtes en digte bosse	Afrika se savannas; graslande en oop gebiede
<b>Gedrag:</b>	Nuuskerig en meer aggressief	‘n Ligter temperament en ‘n bietjie kalmer

## Voorbeeld 2

- ▶ Duiwe in dorpe eet meestal voedselafval uit vullisdromme, sowel as kos wat mense hul voer.
- ▶ Groot getalle duiwe in dorpe kan siektes versprei.
- ▶ Duifmis en neste lok insekte soos kewers en motte.
- ▶ Sommige mense geniet dit om duiwe te voer en te vertroetel.
- ▶ Sekere mense in dorpe geniet dit om na duiwe te kyk as 'n stokperdjie.
- ▶ Party dorpsinwoners en besigheidseienaars verwelkom glad nie die gemors wat duiwe op hul geboue los nie.
- ▶ As daar nie kos vir die duiwe is nie, sal hul na 'n ander plek verhuis.
- ▶ Duiwe kan deur modelle van groot voëls, soos uile, skrik gemaak word, asook elektroniese klanke.
- ▶ Diereliefhebbers hou nie daarvan om te sien dat enig dier, insluitende duiwe, te na gekom word nie.
- ▶ Daar is spesiale skoonmaakmiddels of chemikalieë om duiwe gemors van steen en metaal te verwyder.
- ▶ Mense kan nie op sitbanke in parke sit nie, danksy die duiwe gemors op die banke.



### Voorbeeld 3:



### Tyd om te oefen:

- ▶ 'n Leesstuk uit 'n leesboek van 'n gesprek tussen drie vriende.
- ▶ Notas oor 'n paar voor- en nadele van 'n TV in die kamer.
- ▶ 'n Prent uit 'n "Home Ecology" boek waarin daar uitgebeeld word hoe sekere veiligheidsreëls oortree word.
- ▶ 'n Tegniese en formele/ wetenskaplike verslag van die weer.
- ▶ 'n Paar notas (feitelik) met betrekking tot oliestorting.
- ▶ Drie kort tekste oor Windhoek.
- ▶ 'n Vertelling van 'n nuwe speletjie op die rekenaar.
- ▶ 'n Verskeidenheid van kort tekste (of uittreksels van tekste).
- ▶ 'n Kort vertelling van 'n storieraaisel.
- ▶ 'n Onderhoud tussen 'n ooggetuie en 'n nuusverslaggewer oor 'n huis wat in die buurt afgebrand het.
- ▶ Definisies van liggaamsdele/ ledemate.
- ▶ 'n Grafiek wat die Super 14-rugbyseisoen se wedstryde opsom.